### *Berisping van die leedvermaak*

**117** Na hierdie en nog ander byvalsbetuigings van Markus en van enkele ander, wat na die ou Markus geluister het, ontdek Helena `n buitengewoon witligte vlam, wat hoog opvlam sodat die hele omgewing helder verlig word. Ook Cyrenius sien hierdie vlam uit die stadsentrum opvlam en steeds feller en hoër word.

[2] Snags bedrieg elke lig die gesigsvermoë van mense wat geen ervaring het om in die nag te kyk nie. Hoe sterker, groter en helderder die ligbron word, des te meer skyn dit die toeskouer te nader, terwyl dit tog op dieselfde afstand bly. Die bewys hiervoor lewer die klein, onmondige kinders, wat heel dikwels hul hande uitstrek na die volmaan omdat dit vir hulle as gevolg van sy helderheid vlakby lyk en dit is dikwels vir honde dieselfde rede om daarvoor te blaf.

[3] Ook Helena kry die indruk dat die steeds groter en helderder wordende vlam ons nader, en sy vra My daarom om die kwaai vlam te gebied om nie naderby te kom nie, omdat ons anders gevaar sou loop.

[4] Toe sê **Ek**: "Wees tog nie so kinderagtig nie! Die nadering van die vlam is `n heel gewone gesigsbedrog. Die vlam het so helder geword omdat die vuur die ruim voorraadkamer van die groot woonpaleis van die Judese owerste van die fariseërs binnegedring het. Daar lê ongeveer 10,000 liter suiwer, beste olie in houtvate opgeberg en ook `n aantal vate met suiwer nafta vir die verligting van sy paleis, en daar vlakby lê ook nog `n groot voorraad botter, melk en heuning. Dié dinge het vlam gevat en brand nou so pragtig en helder. Ou Markus, by hierdie geleentheid word, soos jy nou-net heimlik gewens het, ook jou tiende-visse voortreflik gebraai, want in die groot voorraadkamer lê daar al `n hele boel voorberei om vir more te wag. - Wat sê jy nou daarvan, Markus?"

[5] **Markus** sê: "Meester, U wat net so suiwer en goed in my hart kan kyk as in die groot voorraadkamer van die owerste van die fariseërs, U weet dat ek nou en nooit behae skep in die leed van ander nie. As soldaat was ek in diens wel baie streng, maar ek het nooit gewil dat iemand skade berokken word nie, behalwe diegene wat deur die wet eers veroordeel is - en daar kon ek niks aan verander nie. Tog het dit my nooit enige plesier gegee as die strengheid van die wet iemand vernietig het nie. Daarom het ek ook hier nie soseer plesier oor die ongeluk self, en dat my mooi, lekker visse daar nou slegs vir die luggeeste gebraai word nie, maar omdat hierdie ou mensekwellers nou eindelik weereens `n baie rojale, veelsydige les kry!

[6] Want die vernietiging van die skatte deur die vuur is die minste. Die daardeur algeheel mee-vernietigde geloof in hul leer is die eintlike, onvervangbare skade wat hulle daardeur ly, wat tewens besonder nuttig is vir die bedroë volk. Want hulle sal nou vir die opneem van die suiwer, goddelike waarheid seker `n baie gewillige oor en hart hê, en dít is dit waaroor ek my nou eintlik verheug. Dit kan miskien selfs moontlik wees dat die deur die ongeluk getroffe priesters, as hulle in hoof en hart nie te bekrompe is nie, nou méér oop sal staan vir die waarheid as toe hulle ryk was. Ek glo dat die dag van môre vir ons nog menige gedenkwaardige gebeurtenis sal oplewer! - Meester, sê my of ek gelyk het, of dat hierdie vreugde van my miskien ook in U oë verwerplik is!"

[7] **Ek** sê: "O, gladnie. Want as vir My nie dieselfde rede gegeld het om dit waaroor jy jou in wese verheug, te laat gebeur nie, dan sou jy die skynson nie gesien het nie, en hierdie vuurtoneel sou agterweë gebly het. Maar eers had jy in jou hart tog wel `n sekere leedvermaak, omdat jy jou kwaad maak oor die fariseërs vanweë hul gevoel- en gewetenlose tiende. En kyk, dáár het Ek eers iets op aan te merk, en daarom moet jy more `n aantal deur die brand verjaagde priesters kosgee, maar ook dít sal jou geen nadeel berokken nie!

[8] Weet jy, `n goeie en volmaakte mens moet in al sy voel, denke en handelinge volmaak wees, anders is hy nog lank nie geskik vir die hemelryk van Elohim nie!

[9] Kyk byvoorbeeld eers na `n hardnekkige, moedswillige oortreder van die goeie menslike regsorde, `n egte uitgeworpene van elke hoëre beskawing, kortom, `n kêrel wat liewer `n broer van die satan sou kon wees. `n Lang tyd voer dié mens ongestraf sy growwe kwade streke uit. Niemand kan hom vasgevat kry nie, omdat sy duiwelse sluheid hom daarvoor bewaar. Hoeveel mense wens dan nie hartstogtelik dat die booswig so gou moontlik deur die straffende arm van die gereg gegryp sal word nie!

[10] Eindelik sien die reg kans om die brutale misdadiger met vaste hand te gryp en hom te veroordeel tot die lank verdiende strenge, en pynlike straf en verantwoording! Groot en klein het nou leedvermaak omdat die booswig eindelik tog die lank verdiende straf kry, ja, daar sal selfs heel regskape mense wees wat dit jammer vind dat hulle by die strafproses nie die wetlike bevoegdheid het om by hierdie algemeen gehate misdadiger self skerpregter te kon wees nie, om hierdie misdadige uitskot self met alle moontlike plesier te kon pynig!

[11] Vra jou nou eers met `n suiwer hart, en `n net so suiwer verstand af of daardie plesier gepas is vir `n volmaakte mens! `n Suiwer hart en `n suiwer verstand sal dan sekerlik antwoord: ‘Ek kan my wel verheug oor die feit dat die mensdom, wat deur hierdie booswig jare agtereenvolgens gepla is, eindelik van hierdie skurk verlos is en nou weer rustig kan lewe. Maar dit sou my nog meer plesier verskaf as die skurk sy slegtheid sou insien, daar berou oor het, hom so verbeter, en in `n nuttige mens verander en soveel moontlik getrag het om die uiteindelik aangerigte skade weer goed te maak!’

[12] Sê My eers, watter instelling geval jou nou beter: Die eerste, waarby jy daar plesier in skep om te straf, of die tweede, wat vergesel gaan van `n suiwer en werklik mensliewende wens?"

[13] **Markus** antwoord: "Daar bly glad geen keuse oor nie, want die tweede pas die mens, en die

eerste is volgens my nog baie onbeskaafd, selfsugtig en dierlik!"

### *Mathael word vise-koning*

**118** **Ouran** sê: "So `n heerlike en besonder mensliewende instelling het ek nog nooit meegemaak nie! Self is ek mens, en heerser oor talle honderdduisende mense, en mens sê in die wye omtrek dat my onderdane die gelukkigste aan die Pontus is. Tog moet ek die wet toepas soos Rome dit voorskryf. Rome gee my as regerende leenheer wel toestemming om enige versagting te betrag, maar ek vind altyddeur my sterk versagte wette tog nog altyd hard!

[2] Hoe weinig word daarmee aandag geskenk aan die aard van die mense, en daar word glad geen rekening mee gehou of `n mens na aard en karakter wel in staat is om `n wet te hou nie! Hoe dwaas sou dit wees om te beweer dat één skoen vir almal pas, en hoeveel dwaser lyk dan `n wet wat heeltemal geen rekening hou met die menslike aard en eienskappe nie!

[3] Maar elke mens kan, ongeag sy aanleg, hom maklik rig volgens die lewenswette wat U, o Majesteit en Meester, nou meegedeel het, en dié baie mensliewende wet ook heel maklik hou! As ek nou weer tuis sal kom, sal dit daar gou anders uitsien in my land!

[4] Mathael en sy vier metgeselle sal, hoewel hulle almal nou heeltemal Romeins geklee is, Griekse staatskleding van my kry, en help om my klein staat so goed moontlik in te rig, en Mathael benoem ek hier reeds tot eerste raadsman en, omdat ek geen seun het nie, tewens tot vise-koning. "

[5] Toe stap **Cyrenius** na vore en sê: "En ek, as Romeinse opperstadhouer oor die hele Asië en `n deel van Afrika, voorsien van alle volmagte uit die hand van keiser caesar Augustus, wat my broer was, en nou ook van sy seun, bevestig hierdie uitstekende keuse! Ouran, jy sou nêrens ter wêreld `n beter een kon vind nie! DIXI! (Ek het gesê ) - Cyrenius. "

[6] Toe sê **Ek**: "Ook Ek bevestig hom nou, want My geestelike salwing daarvoor het hy al vroeër gekry. Maar jy, Ouran, kan hom tuis ook nog met nardusolie salf voor die volk, en voor alle grotes van jou ryk, sodat hulle weet met wie hulle te doen het, en wat hulle hom skuldig is. Hy sal jou ryk beter beskerm teen die invalle van die Skiïte as `n groot leër met die mees uitgelese soldate. Ek sal hom daarvoor ook `n buitengewone mag gee sodra hy sy amp gaan uitoefen. Nou het hy dit nog nie nodig nie, en het hy voldoende aan sy wysheid!"

[7] **Ouran** sê: "Meester, het dit dan nog nie tyd geword nie, en sou dit nie moontlik wees om die so gevaarlike Skiïte tot beter insigte in U wese te bring nie? Dit is immers baie jammer dat hierdie origens so pragtige geslag mense in so `n onbeskaafde toestand bly. Mens sien onder hulle sulke heerlik gevormde mense soos waarskynlik nêrens anders op aarde nie, maar hul geestelike ontwikkeling staan nog op die nulpunt.

[8] Dit is dikwels verbasingwekkend om so `n majesteitlike mansgestalte, of `n meer as paradyslike mooi vrou te sien wat beide meestal geen taal ken nie, maar net soos varke slegs grommende geluide laat hoor, wat nóg hulleself, nóg iemand anders verstaan. Ek sou hierdie Skiïte onder my wou hê, nie uit veroweringsug nie, maar wel om mense van hulle te maak. Sou so iets, natuurlik sonder geweld, nie moontlik wees nie?"

[9] **Ek** sê: "Mathael se metgeselle sal jou daartoe goeie dienste verleen, en jou wens sal nog talle kere in vervulling gaan, maar álle Skiïte sal jy moeilik onder jou bestuur kan bring, want hul ryk is baie uitgestrek. Maar die wat rondom die Pontus (Swartsee) woon, mag jy hê en na jou goeddunke opvoed. "

[10] **Ouran** sê: "Meester, U sy daarvoor ewige dank uit naam van my en alle mense wat deur U leer geestelik gewek word! Waarlik, aan my inspanninge en aan my standvastige wil sal dit nooit ontbreek nie. Wil U daaraan slegs U genade verbind!"

[11] **Cyrenius** sê: "En ék sê vir jou, dat jy die Skiïte wat jou onderdane word, tot jou eie volk kan reken! As jy dit in die geheim aan Rome wil meedeel, sal jy daarvoor gedurende tien opeenvolgende jare die betaling van die leengelde vir jou hele, groot land kwytgeskeld word, en aan jou nakomelinge sal die algehele erfreg gegee word. Verder sal na beëindiging van die volle dertig jaar, jou land nie aan die hoogste bieër oorgedra word nie. Die bevestiging van alles wat ek jou nou gesê het, sal jy môre al op perkament vir altyd van my ontvang. Slegs `n vreemde, van buite komende vyand sou dit jou nog kan ontneem, maar wat Rome betref is dit vir altyd jou eiendom. "

[12] **Ek** sê aan Cyrenius: "Gee hom dit vandag nog skriftelik, want môre is die sabbat, en ons wil die geestelike swakkes geen ergernis besorg nie!"

[13] **Cyrenius** sê: "Meester! Hoe kan ek nou hier in die middel van die nag die gemaakte afspraak opskrywe? Maar môre wil ek dit wel voor sonsopgang doen, dit sal tog niemand steur nie!"

[14] **Ek** sê: "Kyk eers, Raphaël is al klaar daarmee. Hier, neem hierdie oorkonde en lees dit na of dit voldoen aan wat jy wil!"

[15] **Cyrenius** vat die oorkonde, loop na `n fakkel en lees dit, en vind dit woord vir woord in orde en sê dan: "As dit die eerste keer sou wees, dan sou ek my ontsettend verbaas, maar ek het al meer as één bewys van Raphaël en dus verbaas dit my ook gladnie meer nie. Vir hom is dit net so maklik as wat dit vir `n mens is om met sy blik eensklaps tot aan die verste verwyderde sterre deur te dring. Wel, nou dat die oorkonde klaar is, moet Ouran dit ook maar dadelik ontvang."

[16] Hierop oorhandig Cyrenius die oorkonde aan Ouran met die woorde: "Aanvaar hierdie ter beskerming van jou en jou opvolgers, en probeer om die mense te wen vir die ryk van Elohim, vir die ryk van die Liefde, vir die ryk van die ewige Waarheid, wat in JaHshua, die Meester uit Nasaret, so heerlik uit die hemele neergedaal het na ons sterwelinge! Ons is in Hom en ons lewe nou en ewig in Hom!"